higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## INLEIDING TOT DIE REGTE
### NKR VLAK 2

**2 Maart 2020**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | A | | |
| | 1.1.2 | B | | |
| | 1.1.3 | D | | |
| | 1.1.4 | B | | |
| | 1.1.5 | D | | |
| | | | (5 × 1) | (5) |
| 1.2 | 1.2.1 | E | | |
| | 1.2.2 | G | | |
| | 1.2.3 | B | | |
| | 1.2.4 | F | | |
| | 1.2.5 | H | | |
| | 1.2.6 | D | | |
| | 1.2.7 | A | | |
| | 1.2.8 | C | | |
| | 1.2.9 | J | | |
| | 1.2.10 | I | | |
| | | | (10 × 1) | (10) |
| 1.3 | 1.3.1 | Waar | | |
| | 1.3.2 | Waar | | |
| | 1.3.3 | Onwaar | | |
| | 1.3.4 | Waar | | |
| | 1.3.5 | Waar | | |
| | 1.3.6 | Waar | | |
| | 1.3.7 | Onwaar | | |
| | 1.3.8 | Onwaar | | |
| | 1.3.9 | Waar | | |
| | 1.3.10 | Onwaar | | |
| | | | (10 × 1) | (10) |
| 1.4 | 1.4.1 | Burgerlike reg | | |
| | 1.4.2 | Strafreg | | |
| | 1.4.3 | Onderhoudshof | | |
| | 1.4.4 | Aanklaer | | |
| | 1.4.5 | Griffier van die Hoë Hof | | |
| | | | (5 × 1) | (5) |
| | | | | **[30]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige VYF van die volgende en ken 'n maksimum van vyf punte vir die beskrywing toe.

Geen professionele prokureurs bedryf inheemse reg as beroep nie.✓ Die regsproses is minder formeel van aard✓ en minder voorskriftelik (wat dikwels tot argumente lei) as in die Westerse regstelsels.✓ Inheemse reg is hoofsaaklik ongeskrewe,✓ en gebruiksreëls word mondeling✓ van generasie tot generasie oorgedra.✓ Gebruike en regsreëls verskil✓ ook onder verskillende kultuurgroepe in 'n land.✓ Geen enkele inheemse-regstelsel bestaan dus in 'n land nie.✓ Sommige kenmerke is egter soortgelyk in verskillende kulture.✓ (5)

2.2 Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige DRIE van die volgende en ken 'n maksimum van drie punte vir die beskrywing toe.

- Parlemenstwette en die geskrewe reëls van swart gewoontereg en gebruike.✓
- Besluite van die Hoë Hof✓ en die Hoogste Hof van Appèl✓ wat op inheemse reg gebaseer is.✓
- Nie-amptelike en ongeskrewe inheemse reëls,✓ maatskaplike praktyke✓ en regsoortuigings van inheemse gemeenskappe.✓ (3)

2.3 Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige VIER van die volgende en ken 'n maksimum van vier punte vir die beskrywing toe.

In inheemse reg is die familie baie belangrik✓ en die huwelik is een van die belangrikste aspekte.✓ Gesprekke vind tussen die twee famieliegroepe✓ plaas en die bruidegom se familie dra eiendom✓ (die bruidsprys, wat lobolo,✓ ikhazi of bogadi✓ genoem word) aan die bruid se familie oor.✓ Die bruid word dan van haar familie✓ na die man se familie oorgedra.✓ Die huwelik is 'n kontrak✓ en albei familiegroepe moet daartoe instem.✓ (4)

**[12]**

## VRAAG 3

Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige AGT van die volgende en ken 'n maksimum van agt punte vir VRAAG 3 toe. Die leerder se antwoord moet die beskrywing en verduideliking hier onder, en toepassing van teorie verteenwoordig. U mag dus punte vir voorbeelde en toepaslike verklarings ook toeken.

Die lees van die aanklag is wanneer die aanklag aan die beskuldigde✓ voorgelees word, met ander woorde, die staat sê vir die beskuldigde waarvoor hy/sy vervolg✓ word. Ernstige sake word gewoonlik as gevolg van die erns van die oortreding✓ of omdat die vonnis dalk hoog mag wees,✓ in die Hoë Hof✓ aangehoor. Om die werkslading van die Hoë Hof egter te beperk,✓ word die klag in die Magistraatshof aangehoor.✓ Die beskuldigde moet dan pleit,✓ byvoorbeeld 'onskuldig'.✓ Die hof teken die pleit op die rekord aan.✓ Indien die pleit 'onskuldig' is✓ teken die magistraat die pleit en die rede waarom die beskuldigde sodanig pleit✓ aan, indien die beskuldigde bereid is om die rede te verskaf.✓ Alle beskuldigdes het die reg om te alle tye tydens hul verhore stil te bly.✓ Nadat die pleit aangeteken is word die saak uitgestel✓ en die vervolgingsgesag besluit of die saak in die Hoë Hof✓ of 'n streekshof✓ sal voortgaan.✓ **[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C

## VRAAG 4

Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige VYF van die volgende en ken 'n maksimum van vyf punte vir die beskrywing toe. Die leerder mag die vraag beantwoord deur voorbeelde te gebruik.

Sekere oortredings is gemenereg-oortredings.✓
Dit beteken dat die oortredings nie deur prlementswette gedek word nie.✓
Misdade soos moord,✓ roof,✓ diefstal✓ en hoogverraad is almal gemenereg-oortredings.✓
Die regsposisie oor sulke oortredings,✓ die woordomskrywings van sodanige oortredings✓ en die verwere wat aan iemand wat vir sulke oortredings aangekla word beskikbaar is, is almal gemenregreëls.✓
Dit kom daarom in die Romeins-Hollandse reg✓ voor en in die verlede is sodanige sake in die howe wat hierdie oortredings hanteer, besleg.✓ **[5]**

## VRAAG 5

5.1 Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige DRIE van die volgende en ken 'n maksimum van drie punte vir VRAAG 5.1 toe. Die leerder mag ander voorbeelde verskaf.

'n Mens moet by die spoedbeperking van 60 km per uur hou wanneer 'n motorvoertuig in 'n beboude gebied bestuur word.✓
'n Mens moet by die spoedbeperking van 120 km per uur hou wanneer 'n motorvoertuig op 'n snelweg bestuur word.✓
'n Mens mag nie 'n motorvoertuig sonder 'n geldige bestuurderslisensie bestuur nie.✓
'n Land, of staat, sal dié wat die regsreëls verbreek, vervolg.✓ (3)

5.2 Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige VYF van die volgende en ken 'n maksimum van vyf punte vir VRAAG 5.2 toe. Die leerder mag die vraag beantwoord deur voorbeelde te gebruik.

Die Grondwet is die hoogste wet van die land✓ en oorheers enige ander wet.✓
Wetgewing oorheers enige ander wette,✓ gemenereg ingesluit.✓
Wanneer daar konflik tussen twee bestaande regsbronne bestaan,✓ besluit die hof oor die proses wat gevolg word.✓
Die howe interpreteer wette of wetgewing✓ in die lig van die gemenereg.✓
Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof vir grondwetlike sake✓ en die Hoogste Hof van Appèl is die hoogste gesag vir enige ander regsake.✓ (5)

5.3 5.3.1 Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige VIER van die volgende en ken 'n maksimum van vier punte vir VRAAG 5.3.1 toe. Die leerder mag die vraag beantwoord deur voorbeelde te gebruik.

Die reg kan beskryf word as reëls of norme✓ wat deur nasionale of internasionale gesaghebbendes✓ voorgeskryf word en wat menslike gedrag beheer of reguleer.✓ Norme is algemene reëls✓ wat menslike gedrag bepaal en sluit moraliteit,✓ etiek,✓ sosiale konvensies,✓ etiket✓ en gebruike✓ in. Wette word soms maatskaplike wette✓ genoem en word in verskillende wette,✓ statute,✓ reëls,✓ regulasies,✓ kodes✓ en standaarde✓ uitgedruk. Die doel is om mense se optrede te beheer of te standaardiseer.✓ (4)

Kopiereg voorbehou 

5.3.2 Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige VIER van die volgende en ken 'n maksimum van vier punte vir VRAAG 5.3.2 toe. Die leerder mag die vraag beantwoord deur voorbeelde te gebruik.

Mense moet sekere morele reëls navolg.✓
Sedes beheer 'n mens se gedrag.✓
Sedereëls is op religieuse reëls,✓ 'n mens se eie idees oor wat reg en verkeerd is,✓ en die mense om jou se siening van die wêreld en hul plek daarin, gegrond.(✓)
'n Mens se sedes mag gevorm word deur die manier waarop 'n mens grootgemaak is✓ of deur die manier waarop mense van jou eie ouderdom rondom you optree.✓✓
Jy mag byvoorbeeld glo dat dit verkeerd is om alkohol te gebruik omdat dit jou gedrag verander.✓
Morele reëls help 'n persoon om te besluit of sekere optredes reg of verkeerd is.✓ (4)

5.3.3 Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige VIER van die volgende en ken 'n maksimum van vier punte vir VRAAG 5.3.3 toe. Die leerder mag die vraag beantwoord deur voorbeelde te gebruik.

Gelykheid voor die reg word as die grondslag vir geregtigheid✓ beskou. Op grond van die reg hanteer howe alle mense gelyk,✓ ongeag hul oortuigings,✓ kleur,✓ nasionaliteit✓ of geslag.✓ Onpartydige optrede hou nou verband met gelykheid voor die reg.✓ Wanneer ons sê dat iets regverdig is, bedoel ons dat dit moreel aanvaarbaar en regverdig is.✓ Op dieselfde manier is geregtigheid regverdig,✓ korrek✓ en reg.✓ Geregtigheid is ook die stelsel waarvolgens mense in regshowe beoordeel word.✓ As ons sê dat almal met geregtigheid hanteer moet word, bedoel ons dat hulle nie onregverdig behandel moet word nie✓ en dat wette dieselfde op almal van toepassing moet wees.✓ (5)

5.4 Opmerking aan die nasiener: Aanvaar enige VYF van die volgende en ken 'n maksimum van vyf punte vir VRAAG 5.4 toe. Die leerder mag die vraag beantwoord deur voorbeelde te gebruik.

- Besigheidsreg staan ook as kommersiële reg bekend.✓
- Dit is wette wate sakebedrywigheide en handelsverkeer bestuur.✓
- Besigheidsreg beheer korporatiewe kontrakte,✓ huurpraktyke✓ en die vervaardiging en verkope van verbruiksgoedere.✓
- 'n Voorbeeld van besigheidsreg is die manier waarop banke rente op oortrokke rekeninge hef.✓
- Die bank en die verbruiker hoef nie vooraf oor die betaling van rente ooreen te kom nie.✓
- Dit maak outomaties deel van die kontrak uit.✓
- Hierdie handelsgebruik het 'n regsreël✓ geword omdat dit aan die vier behoeftes van gewoontereg voldoen.✓ (4)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D

## VRAAG 6

6.1 Opmerking aan die nasiener: Enige van die volgende met 'n maksimum puntetoekenning van 10. Die leerder mag ook verduidelik deur praktiese voorbeelde te gebruik. (Teorie in praktyk.)

Huwelik binne gemeenskap van goed.

Wanneer mense binne gemeenskap van goed trou, word hul afsonderlike boedels✓ 'n gesamentlike boedel✓ wat hulle dan saam besit.✓

Indien hullle skei, word die boedel in twee gelyke dele✓ verdeel,✓ selfs al was die een eggenoot se boedel groter✓ as die ander voordat hulle getroud is.✓

Die probleem is egter dat die man oor sogenaamde maritale mag✓ beskik het. Hy het besluit hoe oor die gesamentlike eiendom beskik moet word.✓ Hierdie mag het die vrou se reg✓ op optrede✓ of sê oor enigiets✓ in die gesamentlike boedel baie beperk.✓ (10)

6.2 Opmerking aan die nasiener: Enige van die volgende met 'n maksimum puntetoekenning van 10. Die leerder mag ook verduidelik deur praktiese voorbeelde te gebruik. (Teorie in praktyk.)

Huwelik buite gemeenskap van goed.

Die huwelik buite gemeenskap van goed is wanneer die twee eggenote se boedels afsonderlik bly,✓ asof hulle nooit getroud was nie.✓

Om dit te doen, gaan die partye 'n voorhuwelikse kontrak✓ ('n tipe ooreenkoms)✓ aan voordat hulle trou.✓ Hierdie kontrak bepaal dat indien die partye sou skei,✓ elke eggenoot sy of haar afsonderlike boedel behou.✓

In die werklike lewe is die stelsel nie regverdig teenoor die vrou nie.✓ Dikwels sal die vrou die huwelik sonder enigiets✓ verlaat alhoewel sy gehelp om haar man se boedel te vergroot.✓

Sy sou normaalweg nie werk nie,✓ kinders grootmaak✓ en haar man✓ in sy beroep✓ en onderneming ondersteun✓ – dikwels sonder om enige salaris te verdien.✓ Die eiendom,✓ gewoonlik die huis waar die familie woon,✓ sou gewoonlik in die man se naam geregistreer wees.✓ Selfs al was die boedels ewe groot✓ ten tyde van die huwelik,✓ is die situasie sodanig dat alle groei✓ in die man se boedel plaasgevind het,✓ terwyl die waarde✓ van die vrou se boedel dieselfde gebly,✓ of minder geword✓ het as op die dag toe hulle getroud is.✓

'n Huwelik binne gemeenskap van goed✓ is onregverdig teenoor die vrou✓ tydens die huwelik✓ terwyl 'n huwelik buite gemeenskap van goed ná die huwelik onregverdig teenoor die vrou is.✓ (10)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 7**

7.1 Opmerking aan die nasiener: Die leerder mag ook verduidelik deur praktiese voorbeelde te gebruik. (Teorie in praktyk.)

Drie gesaghebbendes en hul doel.

| GESAG | | DOEL | |
|---|---|---|---|
| Wetgewende gesag | ✓ | Maak wette | ✓ |
| Uitvoerende gesag | ✓ | Pas die wette toe | ✓ |
| Geregterlike gesag | ✓ | Interpreteer die wete en tree op teen mense wat die wette oortree | ✓ |

(6)

7.2 Drie regeringsvlakke in Suid-Afrika
- Nasionale regering✓
- Provinsiale regering✓
- Plaaslike regering✓ (3)

7.3 Opmerking aan die nasiener: Enige van die volgende met 'n maksimum puntetoekenning van 10. Die leerder mag ook verduidelik deur praktiese voorbeelde te gebruik. (Teorie in praktyk.) Indien die leerder 'n bykomende voorbeeld vir enige verduideliking van 'n kategorie verskaf, kan 'n maksimum van EEN bykomende punt vir die hele vraag toegeken word.

| KATEGORIE | | VERDUIDELIKING OF VOORBEELD | |
|---|---|---|---|
| Misdade teen 'n ander persoon | ✓ | • Dit is misdade wat ander mense benadeel✓<br>• Dit sluit in:<br>o gewone aanranding✓<br>o aanranding met die opset om ernstig te beseer✓<br>o onsedelike aanranding✓<br>o verkragting✓<br>o menseroof✓<br>o moord✓<br>o stafbare manslag✓ | ✓ |
| Misdade aangaande ander mense se eiendom | ✓ | • Dit is misdade wat ander se eiendomsreg benadeel✓<br>• Dit sluit in:<br>o diefstal✓<br>o inbraak✓<br>o roof✓<br>o doelbewuste beskadiging van ander se eiendom✓ | ✓ |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Misdade teen die samelewing se waardes en sedes | ✓ | • 'n Voorbeeld is bloedskande✓ of openbare onsedelikheid✓<br>• Bloedskande verwys na seksuele omgang tussen twee persone wat as gevolg van hul bloedverwantskap nie mag trou nie✓<br>• Dit sluit seksuele verhoudings in tussen<br>o 'n ouer en kind✓<br>o kind en oom/tannie✓<br>o kind en oupa/ouma✓<br>• Openbare onsedelikheid is waar iemand iets doen wat indruis teen die publiek se sedes✓<br>• Bv. 'n man wat homself aan 'n groep vrouens ontbloot✓ | ✓ |
| Misdade teen die belange van die staat | ✓ | • Bv. hoogverraad✓<br>• Hoogverraad verwys na optrede deur iemand met die bedoeling om die bestaan, ✓ onafhanklikheid✓ of sekerheid✓ van die staat✓ te bedreig,✓ in gevaar te stel,✓ of omvêr te werp✓ | ✓ |
| Misdade teen regspleging | ✓ | • Bv. minagting van die hof✓ of meineed✓<br>• Minagting van die hof gebeur wanneer iemand iets doen of sê wat die waardigheid✓ en gesag✓ van 'n geregterlike persoon (regter/magistraat)✓ of regsliggaam (soos 'n hof) ✓ in die uitvoering van hul pligte skaad.✓<br>• Bv. jy weet dat jy in die hof moet verskyn, maar daag nie op nie.✓ | ✓ |

(10 × 1 = 10 + (1) (11)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou